

19 Februarie

Skrifgedeelte: Hebreërs 2:5-18
Fokusgedeelte: Hebreërs 2:8-9
HK, Vraag 50

Aan die regterhand van die Vader

Dit is die eie-aard van die geloof *om te sien wat hy nie sien nie ... en nie te sien wat hy sien nie*. Hierdie opmerking van Martin Luther kry besondere diepte wanneer ons vanuit die gesigspunt van Hebreërs 2 nadink oor die verhoging van Christus aan die regterhand van die Vader: “Nou sien ons nog nie dat alle dinge reeds aan die mens onderwerp is nie.” Psalm 8 het nog nie volledig in vervulling gegaan nie. Die mens se hoë posisie is nog verborge. Rondom ons en in ons sien ons nog te duidelik die spore en letsels van ons sondige doodsbestaan. Die wêreld draai voort en wat ons sien is die “oorgeërfde sinlose bestaan” (1 Pet 1:18) waarin so baie wat hulleself “mens” noem nog lewe. Waarlik, die geloof *sien* hierdie dinge, maar na die hemelvaart van Christus *sien* hy dit eintlik ook nie werklik nie!

Wát sien die geloof dan werklik? Die antwoord vind ons ook in ons fokusgedeelte: “Maar ons sien Jesus met eer en heerlijkheid gekroon op grond van sy lyding en dood.” In die geloof sien ons reeds die ware Mens in wie Psalm 8 vervul is. Sy noemnaam, Jesus, beklemtoon juis dat Hy “een-van-ons” in die heerlijkheid is. Juis hierdie Mens wat deur die genade van God vir almal die dood gesmaak het – tot in die bitterste, helse druppels daarvan – is die Een deur wie die Vader alle dinge regeer. Sien jy in die geloof wat jy nie sien nie? Hoor jy hoe lag die Almagtige deur hierdie gekroonde Gekruisigde die maghebbers van die wêreld uit (Ps 2:4)?

Dr. PP Kruger (Meyerspark)

~~~~~